



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**EKONOMIE V2**

**2015**

**PUNTE: 150**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:  
  
AFDELING A: VERPLIGTEND  
AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.  
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
5. Lees die vrae aandagtig deur.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
9. Gebruik slegs blou of swart ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1****30 PUNTE – 15 MINUTE**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 C.
- 1.1.1 Sosiale koste is die somtotaal van private en ... koste.
- A interne
  - B eksterne
  - C publieke
- 1.1.2 Markte in 'n stelsel van private ondernemerskap bestaan uit ...
- A slegs kopers.
  - B slegs verkopers.
  - C kopers en verkopers.
- 1.1.3 'n Monopolis in vergelyking met 'n volmaakte mededinger sal ... prys produseer.
- A minder teen 'n hoër
  - B meer teen 'n laer
  - C meer teen 'n hoër
- 1.1.4 As die rand in Suid-Afrika appresieer, sal pryse van ingevoerde goedere oor die algemeen ...
- A onveranderd bly.
  - B styg.
  - C daal.
- 1.1.5 Die toeristebedryf is hoofsaaklik ...-intensief.
- A vaardigheids
  - B kapitaal
  - C arbeids
- 1.1.6 Individue behoort die ... koste en voordele teen mekaar op te weeg wanneer 'n projek aangepak word.
- A marginale
  - B gemiddelde
  - C totale
- 1.1.7 Internasionale handel van bedreigde spesies sal tot ... lei.
- A 'n verlies van inheemse kennis
  - B biodiversiteitsverlies
  - C 'n ekonomiese verlies

1.1.8 Die ... beleid word deur die SARB gebruik om pryse te stabiliseer.

- A monetêre
- B fiskale
- C mededingings-

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Uitset	A	volhoubare bestuur en gebruik van hulpbronne
1.2.2	Wins	B	toelae en pensioene
1.2.3	Eksternaliteit	C	die positiewe verskil tussen totale inkomste en totale koste
1.2.4	Kerninflasie	D	handelsmerke speel 'n belangrike rol in die bepaling van kliëntlojaliteit
1.2.5	Verbeterde vervoerstelsel	E	negatiewe of positiewe derdeparty-effekte
1.2.6	Bewaring	F	om iets in sy oorspronklike vorm in stand te hou
1.2.7	Monopolistiese mededinging	G	sluit items met hoogs wisselvallige pryse uit die VPI-mandjie uit
1.2.8	Sosiale besteding	H	rede vir groei in toerisme
		I	die getal eenhede wat gedurende 'n sekere tyd geproduseer word

(8 x 1) (8)

- 1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.3.1 Oligopolistiese mededinging wat op produk differensiasie en doeltreffende diens gebaseer word
- 1.3.2 Koste wat onveranderd bly, selfs al verander die uitset
- 1.3.3 Goedere en dienste wat deur die staat verskaf word
- 1.3.4 'n Toestand van hoë inflasie, lae ekonomiese groei en hoë werkloosheid
- 1.3.5 Hierdie tipe toerisme het te doen met buitelanders wat Suid-Afrika besoek
- 1.3.6 Hoë vlakke van besoedeling wat hitte binne die Aarde se atmosfeer vasvang (6 x 1) (6)
- TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE**


**40 PUNTE – 20 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE instansies in Suid-Afrika wat antimededingende gedrag reguleer. (2 x 1) (2)

2.1.2 Watter invloed het BTW op die berekening van VPI (verbruikersprysindeks) en PPI (produsentprysindeks)? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.2.1 Wat is die sigbare verband tussen die MK- en GK-kurwes? (2)

2.2.2 Definieer die term *ekonomiese verlies*. (2)

2.2.3 Hoekom is die vraagkurwe van die individuele produsent horisontaal (plat)? (2)

2.2.4 Bereken die ekonomiese verlies. Toon AL die berekeninge. (4)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### DIE IMPAK VAN OLIGOPOLIEË OP DIE EKONOMIE

Die farmaseutiese bedryf is besig om in 'n oligopolie te verander weens die geweldige koste van die ontwikkeling en bemarking van nuwe medisyne en patente wat nuwe produkte teen mededingers beskerm. Volgens *Forbes*-tydskrif kan dit meer as R1 biljoen kos om 'n nuwe medisyne te ontwikkel, deur die Voedsel-en-medisyne-owerheid ('FDA') te laat goedkeur en dit te bemark. Met hierdie tipe aanvangskoste sal slegs 'n handjievol maatskappye, insluitend Pfizer, Merck en Novartis, dit kan bekostig om nuwe produkte te ontwikkel en te verkoop. Die owerheid staan verlengde patente aan daardie maatskappye op hul medisyne toe en hierdie patente beskerm die ontwikkelaars van medisyne teen mededingers vir baie jare.

Die slimfoonmark word op soortgelyke wyse deur 'n handjievol maatskappye gedomineer, waarvan die magtigste twee Google Android en Apple is. Hierdie maatskappye het gevestigde verhoudinge met die selfoonverskaffers en is in staat om hul stelsels vooraf op elke foon te installeer. Net soos by rekenaarbedryfstelsels word hierdie verhoudinge versterk soos dit groei.

[Aangepas uit *Business Report*, Oktober 2014]

- |       |   |         |                    |
|-------|---|---------|--------------------|
| 2.3.1 | Watter tipe bedrywe word volgens die uittreksel as oligopolisties beskou?   | (2 x 1) | (2)                |
| 2.3.2 | Definieer die term <i>oligopolie</i> .  |         | (2)                |
| 2.3.3 | Hoekom is dit vir hierdie maatskappye belangrik om handelsmerke vir hul produkte te hê?                                     |         | (2)                |
| 2.3.4 | Hoe verskil <i>kartelle</i> en <i>prysleierskap</i> rakende die manier waarop pryse gemanipuleer word?                      | (2 x 2) | (4)                |
| 2.4   | Wat is die doelwitte van die Wet op Mededinging, 1998 (Wet 89 van 1998) in Suid-Afrika?                                     | (4 x 2) | (8)                |
| 2.5   | Verduidelik, met behulp van 'n grafiek, hoekom marginale koste aan marginale inkome gelyk moet wees om winste te maksimeer. |         | (8)<br><b>[40]</b> |

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 20 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE internasionale ooreenkomste oor volhoubare ontwikkeling. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat is die doel van groen belasting? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: [Seppo.net](http://Seppo.net)]

3.2.1 Definieer die term *ekotoerisme*. (2)

3.2.2 Noem enige TWEE Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika. (2)

3.2.3 Watter boodskap, dink jy, word deur die spotprent oorgedra? (2)

3.2.4 Hoekom is infrastruktuurontwikkeling 'n belangrike vereiste vir toerisme? (2 x 2) (4)



3.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BEGRIP VIR DIE INGEWIKKELDE AARD VAN OMGEWINGSKWESSIES –  
'N PAD NA VOLHOUBARE ONTWIKKELING**

Na die Wêreldberaad in die herfs van 2002 in Johannesburg het die Verenigde Nasies die tydperk van 2005 tot 2014 as die dekade van Opvoeding vir Volhoubare Ontwikkeling aangewys. Om volhoubare ontwikkeling te bereik, is dit noodsaaklik om mense se ekologiese, ekonomiese en maatskaplike sienings te verander.

Omgewingsopvoeding is 'n sentrale aspek van die proses van verandering met betrekking tot volhoubare ontwikkeling. Tans is 'n gebrek aan kennis en 'n gebrek aan omgewingsbewustheid groot probleme in die bestuur van die omgewing. Die regering moet 'n deurslaggewende rol speel om omgewingsvolhoubaarheid te verseker.

[Aangepas uit [www.Pro.europe.info](http://www.Pro.europe.info)]

- |       |  |             |
|-------|--|-------------|
| 3.3.1 | Identifiseer die belangrikste probleme wat 'n impak op die bestuur van die omgewing het.         | (2)         |
| 3.3.2 | Definieer die begrip <i>omgewingsvolhoubaarheid</i> .  | (2)         |
| 3.3.3 | Watter rol kan opvoeding in die verandering van mense se sienings oor ekologiese kwessies speel? | (2)         |
| 3.3.4 | Hoe kan die owerheid ingryp om omgewingsvolhoubaarheid te verseker?                              | (2 x 2) (4) |
| 3.4   | Watter voordele hou toerisme vir huishoudings in?  | (4 x 2) (8) |
| 3.5   | Watter raad sal jy aan die minister van finansies gee om inflasie hok te slaan (te verminder)?   | (4 x 2) (8) |
|       |  | <b>[40]</b> |

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**  
**40 PUNTE – 20 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Gee enige TWEE voorbeelde van merietegoedere. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe kan toerisme tot staatsinkomste bydra? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Is sonenergie 'n lewensvatbare opsie vir Eskom?**

[Bron: [Seppo.net](http://Seppo.net)]

4.2.1 Watter boodskap word in die prent uitgebeeld? (2)

4.2.2 Noem enige private koste wat met die verskaffing van sonenergie verband hou. (1 x 2) (2)

4.2.3 Hoekom is Suid-Afrika geskik vir die opwekking van sonenergie? (1 x 2) (2)

4.2.4 Hoe sal die gebruik van sonenergie Suid-Afrika bevoordeel? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

<b>GETAL TOERISTE UIT AGT VOORSTE OORSESE LANDE TUSSEN 2011 EN 2012</b>		
<b>LANDE</b>	<b>2011</b>	<b>2012</b>
Verenigde Koninkryk	420 483	438 023
VSA	287 614	326 644
Duitsland	235 774	266 333
China	84 862	132 327
Frankryk	105 420	122 244
Australië	103 506	120 315
Nederland	113 846	117 936
Indië	90 367	106 774

[Aangepas uit Stats SA, Augustus 2013]

- 4.3.1 Identifiseer TWEE lande wat lidlande van BRICS is. (2 x 1) (2)
- 4.3.2 Definieer die term *toerisme*. (2)
- 4.3.3 Bepaal die persentasieverandering van Chinese toeriste na Suid-Afrika tussen 2011 en 2012. (2)
- 4.3.4 Waarom is Suid-Afrika na jou mening 'n voorkeursoeriste-bestemming? (2 x 2) (4)
- 4.4 Bespreek kortliks die vraagkurwe van die monopolis. (4 x 2) (8)
- 4.5 Verduidelik hoekom markte misluk in die beskerming van die omgewing. (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTETOEKENNING
<b>Inleiding</b>	Maks. 2
<b>Liggaam:</b> <b>Hoofgedeelte:</b> Bespreek in besonderhede <b>Addisionele gedeelte:</b> Gee eie mening/Bespreek krities/ Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/ Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/ Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks	Maks. 26  Maks. 10
<b>Slot:</b> Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Kort samevatting van dit wat reeds bespreek is, sonder om enige feite wat alreeds genoem is, te herhaal</li> <li>• Enige opinie of waardeoordeel rakende die feite wat bespreek is</li> <li>• Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/analise versterk</li> <li>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra</li> <li>• Aanbevelings</li> </ul>	Maks. 2
<b>TOTAAL</b>	<b>40</b>

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE****40 PUNTE – 35 MINUTE**

Markmislukking kom algemeen in vryemark-ekonomieë voor.

- Bespreek in besonderhede die oorsake van markmislukking. (26)
  - Verduidelik met behulp van 'n grafiek (Produksie moontlikheidskurwe) hoe produktiewe doeltreffendheid in die mark bereik kan word. (10)
- [40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 35 MINUTE**

Inflasie is oor die wêreld heen 'n voortdurende uitdaging vir die inkomste van werkers en die samelewing.

- Ondersoek in besonderhede die gevolge van inflasie. (26)
  - Debatteer die meriete (voordele) van geadmistrateerde pryse deur die owerheid. (10)
- [40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**  
**GROOTTOTAAL: 150**